

5 Desember 2021

FAMILIE TUISBLAD



Maleagi 3:1-4

Die boodskapper

Ons is nou in die tweede week van Advent en op pad na Kersfees. Een van die dinge wat ons voorberei vir Kersdag, is die toegedraaide geskenke. Ons sien nog nie die geskenk nie, maar ons weet binne-in die geskenkpapier, sakkie of boksie is die geskenk waaroor dit eintlik gaan. Die geskenkpapier, sakkie of boksie is byna soos 'n boodskapper wat sê: hier is 'n geskenk vir jou.

Die profeet Maleagi vertel vir die volk dat God vir hulle so 'n boodskapper sal stuur. Dit sou iemand wees wat mense sou herinner dat die tyd nou aanbreek dat God se beloftes nou aan die werk kom. Sommige mense het daarna uitgesien, maar ander sou nie van die boodskap hou nie, want dit het beteken dat hulle moes verander.

Lees: Maleagi 3:1-4 (Die Boodskap)

Gesels:

- Hoekom stuur iemand gewoonlik 'n boodskapper?
- Wat is die werk van die boodskapper waarvan die profeet praat?
- Die geskenke onder die Kersboom is byna soos die boodskapper waarvan die Bybel gedeelte praat. Wat is die boodskap wat dit vir ons bring?
- Die boodskapper moes mense help om na hulle lewens te kyk en die belangrikste dinge weer eerste te stel. Wat dink julle is die belangrike dinge wat Jesus wil hê julle in julle huis aan aandag moet gee?

Bid: Neem die Adventgebedsblokkie, wat ons herinner dat ons grootste geskenk Jesus se liefde is, en rol die blokkie elke dag 3 keer. Bid vir die dinge waarop die blokkie land.

Doen: Is daar al Kersgeskenke onder julle Kersboom? Indien wel, vir wie is daar al geskenke? Deur te vat en te voel of dalk liggies te skud, probeer raai wat agter die geskenkpapier sit.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die profete in Jesus se verhaal** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za